

Maandag 11 Junie 2018

Dat Christene met vrymoedigheid sal getuig

Ons bid dat die Here in die harte van Christene sal werk om die evangelie met oortuiging te deel met Moslems uit Bangladesh, Pakistan en Somalië. Ons bid dat die Here in hierdie Moslems se harte sal werk om tot die besef van die waarheid te kom.

Dinsdag 12 Junie 2018

Bid vir 'n kerk met uitreike na Moslems

Ons bid vir 'n kerk in die Oos-Kaap wat graag Moslems wil bereik deur leesklasse en Wiskunde klasse vir kinders aan te bied. Mag U hierdie wonderlike inisiatief seën.

GEBEDE VIR CHRISTENE WAT VERVOLG WORD

Woensdag 13 Junie 2018

Christene wat in Moslem lande verdruk word

Kerke in Moslem lande beleef baie verdrukking en vervolging. Ons bid vir gelowiges in ander lande wat ly vir die waarheid. Ons bid vir bedieninge soos There4Ministries en Geopende Deure wat uitreik na Christene in vervolgde lande.

Donderdag 14 Junie 2018


Christene wat ly vir hulle geloof

Ons bid ook vir die Christene wat in hierdie tyd in Moslem lande ly ter wille van hul geloof, dat U hulle besonder genade en die volheid van die Heilige Gees soos aan Stefanus sal gee en dat Moslems wat met hulle te doen kry deur hulle liefde vir U en van U tot besef sal kom wie die ware Verlosser aanbid. In Jesus se Naam.

NAVRAE:

Vir terugvoer oor hierdie gebedsgids, navrae vir verdere inligting en gebedsversoeke stuur asseblief 'n epos aan ds Willie Schoeman by wdschoeman@yahoo.com

NETWERK VIR MOSLEM EVANGELISASIE OOS-KAAP



Gebedsgids

vir Christelike kerke in die Oos-Kaap
om te bid tydens Ramadan 2018

Ramadan gebedsgids vir Oos-Kaapland 16 Mei tot 14 Junie

Wat is Ramadan?

Elke jaar vas Moslems tydens die 30 dae van Ramadan vir geestelike verdieping. Dit is een van die 5 pilare van Islam. Hierdie tydperk is 'n geleentheid vir Christene om vir Moslems te bid om tot kennis van die waarheid te kom. Hierdie gebedsgids is deur Christene in die Oos-Kaap saamgestel en is bedoel om vir voorbidding deur gemeentes, gebedsgroepe, Bybelstudiegroepe en individue gebruik te word. Hierdie gids verwys na spesifieke situasies in die Oos-Kaap.

GEBEDE VIR DIE BEKERING VAN MOSLEMS

Woensdag 16 Mei 2018

Dat Moslems Jesus in die Koran ontdek

Drie-enige God, ons glo vas dat Jesus wat gebore is in Betlehem die Seun van God is. In die Koran is daar baie verwysings na Jesus. In hierdie tyd van Ramadan bid ons Here, dat terwyl Moslems die Koran bestudeer, hulle elke verwysing na Jesus sal raak lees. Dat elke keer as hulle Jesus se Naam raak lees hulle sal wonder wie Hy werklik was.

Donderdag 17 Mei 2018

Dat Moslems ontdek daar is net een offer vir sonde en geen goeie daad kan ons red nie

Ons bid dat Moslems sal besef dat die Woord van God wat vlees geword het, ook vir hulle liefhet en ook vir hulle verlossing en geregtigheid wil bewerkstellig. En terwyl hulle vas en op hierdie manier 'n offer bring, dat die besef dat Jesus Christus die ware en volkome offer ook vir hulle sonde is! Ons bid dat Moslems oorweldig sal word deur die besef dat geen goeie daad of menslike opoffering genoeg sal wees om voor God verontskuldig te word nie, maar alleenlik die enigste volkome offer wat deur die Woord van God gebring is, die Woord wat vlees geword het.

Vrydag 18 Mei 2018

Man uit 'n Christen agtergrond wat tot Islam bekeer het

Here, ons bid vir 'n persoon wat in 'n Christelike konteks grootgeword het en toe later tot bekering in Islam bekom het. Mag hy die volle waarheid van die evangelie ontdek en tot geloof in Jesus Christus kom.

die gemeenskappe nie lamgelê sal word deur Moslems wat in beheer van die ekonomie kom nie.

Vrydag 8 Junie 2018

Dat die polisie met wysheid sal optree teen misdadigers

Op 'n sekere Oos-Kaapse dorpie vermoed die polisie dat immigrante uit Moslem-lande moontlik by onwettige bedrywighede betrokke is. Here, ons vra dat U die polisie sal help om die mense van die gemeenskap te beskerm teen hierdie gevare. Ons vra dat U die polisie sal help om die ware skuldiges te vang. Ons bid ook dat U in die harte van oortreders sal werk om tot 'n ware sondebeseft en bekering te kom.

GEBEDE VIR DIE KERK IN DIE OOS-KAAP

Saterdag 9 Junie 2018

Dat Christene Moslems sal liefhê

Here onse God, dankie dat ons deur genade alleen gered word. Dankie dat ons kan deel in die saligheid wat Jesus Christus gebring het. Dankie dat ons U kinders kan wees sonder enige verdienste of goeie daad van ons kant af. Gee dat ons in hierdie tyd van Ramadan sal besef hoe begenadig ons is. Daarom bid ek Here dat ons as Christene nie uit hoogmoed en liefdeloosheid na Moslems sal verwys nie. Laat ons besef dat U hulle ook liefhet en ook wil hê dat hulle tot kennis van die waarheid kom en in 'n persoonlike verhouding met U moet lewe.

Here, ons bid dat Christene in hierdie tyd veral daarop bedag sal wees om die liefde van Jesus uit te leef teenoor alle mense maar ook teenoor Moslems, sonder om met hulle die spot te dryf of af te skryf asof hulle nooit U kinders kan word nie.

Sondag 10 Junie 2018

Organisasies wat kerke toerus

Die Oos-Kaapse platteland en voormalige Transkei het die tuiste geword van duisende vlugteling en immigrante uit Moslem-lande. Ons bid dat kerke toegerus sal word om na die mense met die evangelie uit te reik. Ons bid vir organisasies soos Veritas en 'Africa for Christ' wat kerke toerus.

Sondag 3 Junie 2018

'n Baie bekommerde ma

'n Christen vrou is bekommerd daarvoor dat haar dogter 'n verhouding met 'n Moslem man het. Die dogter oorweeg om met hom te trou. Sy sê hulle het 'n ooreenkoms dat die kinders wat uit die huwelik gebore word kan kies aan watter godsdiens hulle wil behoort. Ons bid dat die vrou ten volle sal besef waarom Islam gaan waar sy dink dit is net nog 'n tipe kerk. Ons bid dat U die man se hart sal aanraak om werklik tot geloof in U te kom. Ons bid dat die vrou ten volle sal besef hoe moeilik dit vir die kinders wat uit die huwelik gebore word sal wees.

Maandag 4 Junie 2018

Moslem-musiek wat eredienste belemmer

Op Cradock word aanbiddingsgeleenthede op weeksdag belemmer deur harde musiek wat deur Moslem besighede op luidsprekers uitgesaai word. Hierdie besighede en 'n moskee is binne 100m van een van die plaaslike Christelike kerke. Ons bid dat Christene in vrede kan byeenkom en dat die eienaars van die besighede tot geloof in die Here Jesus sal kom.

GEBEDE VIR DIE SAMELEWING

Dinsdag 5 Junie 2018

Plaaslike vrou wat trou met Moslem mans

Daar is baie vroue in die Oos-Kaap wat met Moslem-mans trou om 'n beter heenkome te vind. Ons bid Here, dat die vrou sal besef dit is nie regtig 'n uitkoms nie. Ons bid dat U die vrou selfstandig sal maak om vir hulleself te sorg. Ons bid dat U goeie Christen huweliksmaats oor hulle pad mag stuur wanneer U tyd daarvoor reg is.

Woensdag 6 Junie 2018

Gebed dat Christene sakeondernemings ontwikkel

Here, ons bid dat U Christene mag help om klein sake ondernemings in gebiede van die Oos-Kaap te ontwikkel waar Moslems al hoe meer 'n monopolie op besighede het.

Donderdag 7 Junie 2018

Moslems wat besighede oorneem

Ons bid vir gemeenskappe waar Moslems uit Bangladesh, Pakistan en Somalië al hoe meer in beset van die plaaslike besighede kom. Ons bid dat die Christene in

Saterdag 19 Mei 2018

Bekering van hele families

Ons bid vir hele families om tot geloof in die Here Jesus te kom en nie net individue nie. Ons bid vir individue wat tot geloof in Jesus gekom het en dan deur hulle families verwerp word.

Sondag 20 Mei 2018

Persone wat die evangelie met Moslems deel

Ons dank U Here vir die persone wat gereeld die evangelie met Moslems deel. Veral lede van SIM (Serving in Missions) beskou dit as 'n lewensroeping om vriendskappe met Moslems te bou en die evangelie te deel. Mag U die harte van Moslems oopmaak vir die evangelie. Baie van die getroue evangeliste doen al die werk vir baie jare. Mag U ook 'n nuwe, jong generasie roep om passievol te wees om die evangelie met Moslems te deel. Mag U 'n hedendaagse Ananias roep wat dit sal waag om die evangelie met vervolgers van Christene te deel, want so 'n bekeerde kan ook 'n hedendaagse Paulus wees.

Maandag 21 Mei 2018

St Alban's gevangenis

Ons bid vir mense in St Alban's gevangenis. Verskeie Moslems werk hard om mense daar tot bekering na Islam te bring. Ons bid dat U dié mag seën wat ook die evangelie van Jesus Christus met mense deel. Mag U mense in die gevangenes se harte oopmaak vir die evangelie van Jesus Christus.

Dinsdag 22 Mei 2018

Imam en ander Moslems

'n Imam en ander lede van 'n Moskee in die Oos-Kaap is baie oop om gereeld gesprekke met Christene te voer aangaande Islam en Christendom. Ons bid dat U vir die Christene wat uitreik soontoe die wysheid sal gee om die regte woorde te spreek. Mag U hulle harte oopmaak vir die evangelie.

Woensdag 23 Mei 2018

Man van Egipte

Ons bid vir 'n Moslem van Egipte wat met 'n Suid-Afrikaanse vrou getrou het. Sy het later van hom geskei oor hy haar mishandel, maar hulle is weer versoen. Mag hy die liefde van Jesus Christus leer ken en mag die waarheid van die evangelie soos 'n lig in sy hart aangesteek word.

Donderdag 24 Mei 2018

Dat ons dissipelmakers sal wees

Here, ons wil aan U opdra al die Moslems wat tot geloof in U gekom het dat hulle verder sal groei in die geloof. Dat U hulle sal toerus om ook werktuie vir U Koninkryk te wees. Maak ons as kerk ook dissipelmakers van Moslem agtergrond gelowiges.

GEBEDE VIR MOSLEMS WAT DEUR DIE LIEFDE VAN JESUS AANGERAAK IS, MAAR VERDER LEIDING NODIG HET

Vrydag 25 Mei 2018

Voormalige Moslem gesinne skakel by 'n gemeente in

Ons bid vir Moslem gesinne wat by 'n plaaslike Oos-Kaapse gemeente begin inskakel het en ook tot geloof in die Here Jesus gekom het.

Saterdag 26 Mei 2018

Moslems wat inskakel by kerke

Liefdevolle Vader, ons bid vir die enkele Moslems wat by Christene en in kerke 'n liefdevolle gemeenskap gevind het. Ons bid dat u Gees deur ons sal werk. Mag ons Moslemvriende by ons, deur ons liefde vir hulle, U liefde ontdek en daarin rus vind.

Sondag 27 Mei 2018

Jesus verskyn aan 'n Moslem vrou in 'n droom

Ons bid vir 'n jong Moslem vrou aan wie Jesus in 'n droom verskyn het. Mag sy ontdek wie Jesus regtig is en tot geloof kom. Mag sy 'n liefdevolle Christelike gemeenskap vind waar sy aanvaar word en kan inskakel.

Maandag 28 Mei 2018

Moslems verskuif 'n persoon wat in Jesus wil glo

Ons bid vir 'n Moslem wat positief op die aanhoor van die evangelie reageer het en toe dadelik deur die Moslem gemeenskap na 'n ander gebied verskuif is. Mag hy werklik tot geloof in die Here Jesus kom. Stuur oor sy pad weer Christene wat hom na U kan lei.

GEBEDE VIR MOSLEMVROUE

Dinsdag 29 Mei 2018

Gebed vir onderdrukte Moslem vroue

Here, ons dink aan die Moslem vroue in ons omgewing. Ons bid spesifiek vir dié vroue wat onveilig is in hul huwelike, omdat hulle min regte het, omdat leerstellings, wette rondom o.a. eiendomsreg en leiers se uitsprake hulle vasgekeer hou. Ons bid dat hulle hul waardigheid deur U oë sal leer ken. Ons bid dat U hulle sal vrymaak.

Woensdag 30 Mei 2018

'n Toegewyde Moslem vrou met 'n jihadistiese man

Ons bid vir 'n toegewyde Moslem ma van drie kinders wat al 'n paar jaar in 'n vriendskap met 'n paar Christen vriendinne betrokke is. Haar man is 'n Moslem leier en hulle het toenemend radikale jihad (heilige oorlog, gewelddadige uitbreiding van Islam) oortuigings. Haar Christen vriendinne het al verskeie geestelike gesprekke met haar gehad maar die houvas van Islam is baie sterk.

Donderdag 31 Mei 2018

Bekering van 'n nominale Moslem ma

Ons bid vir 'n nominale Moslem ma wat haarself as 'n gematigde Moslem beskryf. Sy is al vir tien jaar vriende met verskeie Christen vriendinne. Die tradisie van Islam het haar en haar man egter stewig in sy greep.

GEBEDE VIR BESKERMING TEEN DIE INVLOED VAN ISLAM

Vrydag 1 Junie 2018

Gebed teen die invloed van Islam

Here, ons bid vir dat mense in ons streek teen die invloed van Islam beskerm sal word. Ons bid veral vir die mense in informele nedersettings waar Moslems al hoe meer 'n invloed uitoefen. Ons bid dat Christene nie die leuens van Islam sal glo nie.

Saterdag 2 Junie 2018

Invloed van 'n moskee op 'n dorpie

Op 'n Oos-Kaapse plattelandse dorpie word 'n huis as 'n moskee gebruik. Ons bid dat mense in die omgewing eerder deur die liefde van Jesus aangeraak sal word as deur die invloed van Islam.